



Geopende Deure

Diens aan vervolgte **Christene** wêreldwyd

FRONTLINIE GELOOF



**Sien wat Adel
laat oorloop
van vreugde!**

**Gee 'n
'GESKENK
VAN HOOP'!**
Sien bladsy 4

Vervolg  **Maar nooit alleen.**

**OKTOBER
2019**

Adel kry h Bybel wat hom met vreugde vervul! p. 2 | Ayaan is dankbaar vir jou, p. 3
h Moslem-bekeerling sê: 'Ek het God se beskerming ervaar', p. 4 | Wêreldwaarnemingslys:
Algerië, p. 5 | 'Bid asseblief vir ons!' p. 6 | Kreatiewe maniere hoe jy kan bid! p. 7



Adel kry 'n Bybel wat hom laat oorloop van vreugde!

Te danke aan jou hulp om God se Woord aan 200 kinders in Algerië te stuur

Op 'n dag, na 14-jarige Adel teruggekeer het huis toe van die jeuggroep by sy kerk in Algerië, was hy baie ontsteld.

Die leier het gepraat oor die belangrikheid om die Bybel op jou eie te lees. Maar Adel het gesukkel om dit te lees, want dit was moeilik vir hom om te verstaan.

Een van Adel se jeuggroep-vriende het sy Aksie-Bybel vir Adel gewys en vertel hoe die stories lewendig word deur wonderlike, kleurvolle illustrasies. Adel het geweet dat hy sy eie kopie van só 'n geïllustreerde Bybel nodig het sodat Hy God se Woord self kon lees.

Voor hy daardie aand gaan slaap het, het Adel tot God gebid. En een van die dinge wat hy die Here gevra het, was, *"Asseblief, Here, help my om so 'n Bybel te kry. Dit sal my so baie help om die Bybel werklik te lees."*

Ongelukkig kon Adel se ouers nie so 'n Bybel bekostig nie, en die man wat vir sy vriend 'n Aksie-Bybel gratis gegee het, het niks meer kopieë gehad nie.

Adel was so omgekrap toe hy hierdie nuus hoor. Maar toe hy besef dat sy houding verkeerd is, het hy gebid, *"Here, help my om*

te glo dat U my sal help."

'n Paar dae later, het Adel 'n jeuggeleentheid bygewoon waar al die deelnemers 'n geskenk ontvang het. Nes hy besef het wat dit is, het Adel se gesig opgehelder van entoesiasme toe die kleurvolle buiteblad van die Aksie-Bybel in sy hande lê.

Hy het vir sy ouers gesê, *"Kyk... Jesus het vandag die Bybel vir my gegee!"* Hy was so bly, hy kon skaars die woorde uitkry. *"Ek is so gelukkig dat Hy vir my gegee het wat ek al vir so lank begeer."*

"Ek dank julle vir julle bydrae tot die bevordering van God se Koninkryk."

Daardie dag het 'n totaal van 200 kinders hulle eie Aksie-Bybels ontvang, alles te danke aan ruimhartige vriende soos jy!

Die Geopende Deure-vennoot wat hierdie Bybels namens jou versprei het, sê, *"Ek dank julle vir julle bydrae tot die bevordering van God se Koninkryk. Namens die kinders, wens ek julle die genade van die Here toe. Baie dankie vir julle wonderlike geskenk aan die kinders in Algerië."*

Dankie dat jy die Bybel meer toeganklik maak, nie net vir hierdie 200 jongmense in Algerië nie, maar ook vir baie vervolgte Christene wêreldwyd! 

Kyk hoe jy hoop kan gee aan gelowiges soos Adel deur Bybels en ander praktiese ondersteuning. Besoek www.OpenDoors.org.za/gvh

Ayaan is dankbaar vir jou:

‘Ek is seker jul gebede het my lewe gered tydens die aanvalle’

Ayaan*, ’n Somaliese gelowiges van die Horing van Afrika, het die Here ongeveer 12 jaar gelede ontmoet toe sy net 19 was.

Toe Ayaan se ma haar geloof ontdek, het sy ’n koppie warm tee op Ayaan gegooi. Terwyl die warm vloeistof oor Ayaan se geskokte gesig afloop, was dit nie soveel die brandende vloeistof wat haar seergemaak het nie, maar die kyk van uiterse veragting op haar ma se gesig terwyl sy op Ayaan skree, *“Jy is nie meer deel van my nie!”*

Ayaan was in gevaar en het nêrens heen gehad om te gaan nie. *“My familie het my forseer om te loop. My broer het vir my gesê dat my geloof ‘haram’ is – dat dit die dood verdien. Hulle het baie keer na my gesoek om my dood te maak,”* sê Ayaan.

Ayaan het baie trane gestort oor haar familie se verwerping. Gedurende haar beproewing het sy Bybelstudie en ’n dissipelskapklas vir Gelowiges vanuit ’n Moslemagtergrond bygewoon, voorsien deur vriende soos jy deur Geopende Deure. Dit het haar herinner dat die Here vir Sy mense voorsien.

Later het etniese geweld uitgebreek in haar tuisdorp, wat haar forseer het om skuiling in ’n ander dorp te vind. Genadiglik het jou ondersteuning gehelp om noodleniging deur Geopende Deure te voorsien aan Ayaan en ander slagoffers van die geweld.

Ayaan glo dat jou gebede en ondersteuning haar lewe gered het:

“Dit voel asof iemand reg langs my is. Die Bybel sê, ‘Die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking’. Ek is seker jul gebede het my lewe gered tydens die aanvalle! God het my veilig hierheen gebring. ... Mag God almal seën wat vir my gebid het.”

Prys die Here vir die krag van gebed en vir julle, ons getroue vennote, wat in die bres tree vir ons vervolgte broers en susters om die wêreld. Jou gebede en geskenke verander baie lewens soos Ayaan s’n. Dankie!

*Naam verander vir sekuriteitsredes.



Verteenwoordigende foto gebruik.



IN DIE LOOPGRAAF

‘n Moslem-bekeerling sê: ‘Ek het God se beskerming ervaar’

Eldos (regs), ‘n jong Gelowige vanuit ‘n Moslem-agtergrond, is erg aangerand deur drie radikale Moslem-mans in ‘n poging om hom te kry om terug te keer na Islam. Hy het verskeie beserings opgedoen, insluitend harsingskudding, en moes verskeie operasies ondergaan.

Hy was in ‘n emosionele en gefrustreerde toestand. En die familie van die aanvallers het Eldos se familie gedreig om hulle te ontmoedig om na die polisie te gaan en klagtes te lê. Ongelukkig het die polisie ook probeer om die saak tot swye te bring.

Maar te danke aan jou ondersteuning was Geopende Deure in staat om Eldos en sy familie by te staan tydens sy herstel. Dit was onmoontlik vir hom om in sy dorpie te bly vanweë die media-aandag wat die saak gekry het. Hy het toe in een van Geopende Deure se skuilhuise gaan wegkruip. Later het hy na Kazakstan getrek, maar dit was ook onveilig daar. So, met jou hulp, het Geopende Deure hom na ‘n ander skuilhuis geneem.

In Junie het ‘n Geopende Deure-span met Eldos en sy oom, Nurbek (links), ontmoet en hy het hulle vertel van die aanval...

“Ek het nie woede gevoel toe hulle my aangeval het nie; ek wou net hê dat hulle moes loop. Ek het beskermde gevoel selfs tydens die loesings. Ek het God se beskerming ervaar. Die aanvallers het probeer om my hard op my kop te slaan, maar hulle het die meeste van my kop gemis, behalwe my tande.”

Vandag woon Eldos in ‘n onvermelde land waar hy versorg word deur Christene soos jy.

Hou asseblief aan om vir Eldos te bid namate hy aanpas by die lewe in ‘n vreemde land. Bid ook vir baie ander Christene wat geforseer word om hul huise en lande agter te laat as gevolg van hul geloof.

En mag God jou seën omdat jy so ruimhartig gee om in hul praktiese behoefte te voorsien en aan hulle hoop te bring!

Gee ‘n
**‘GESKENK
VAN HOOP’!**

Sien hoe jy vervolgde Christene soos Eldos kan help deur die voorsiening van skuilhuise en ‘n hele verskeidenheid van noodsaaklike praktiese ondersteuning. Kies jou *Geskenk van Hoop* vanuit die nuwe katalogus by www.OpenDoors.org.za/gvh

ALGERIË

RANG #22 | WWL PUNTE 70

Streek Noord-Afrika

2019 Wêreldwaarnemingslys

#22 uit die top 50

Bevolking 42,008,000
(0.3% is Christene)

Meerderheidsgeloof Islam

Regering Republiek

Bronne van Vervolging
Islamitiese onderdrukking

BID

- + Bid dat die regering meer openhartig sal wees teenoor Christene en dat hulle hul regte sal herken
- + Bid vir God se beskerming oor Christene wat deur hul families vervolgd word, en dat Hy beleëde gelowiges sal help om liefde te bewys en te vergewe
- + Prys God dat die Algeriese Kerk aanhou om te groei. Bid dat nuwe gelowiges wat deel word van die Kerk geestelik sal groei.



WÊRELDWAARNEMINGSLS


www.opendoors.org.za/afr/wwl



Druk



Geweld



Christene in Algerië is nie in staat om hul geloof openlik te verkondig nie vanweë die streng godslasteringswette. Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond ervaar druk van hul families en gemeenskappe wat dit moeilik maak om hul geloof uit te leef. Die staat oefen verdere druk uit deur geloofsvryheid te beperk met wette wat nie-Moslem-aanbidding reguleer en die versaking van Islam verbied. Die druk en gevare wat Christene hier ervaar is veral hoog in die landelike en meer konserwatiewe dele van die land.



'BID ASSEBLIEF VIR ONS!'

Sien hoe jou gebede jou broers en susters versterk

Wanneer ons, ons vervolgte familie vra wat ons vir hulle kan doen – is hul nommer een versoek “Bid asseblief vir ons!” So kom ons gaan voort om saam te staan in gebed vir ons vervolgte broers en susters. Jy maak h verskil namate jy hulle in gebed opdra aan die Here!

Dís hoe jou gebede h groot bron van vertroosting en krag vir baie gelowiges in geestelike gevegte is...



“Aan ons gebedsondersteuners... wil ek sê dat dit baie vir ons beteken. ... Ons is waarlik die Liggaam van Jesus Christus, en ons het deernis vir mekaar en ons ondersteun mekaar. ... Die Here het jul gebede beantwoord. Ons is steeds in Sirië deur die krag van daardie gebede en jul ondersteuning, en ons benodig steeds jul gebede ook vir die toekoms.”
– Pastoor Edward, Sirië



“Sê vir die mense wat vir ons bid dat ons hul gebede voel. Soms wanneer ek in h moeilike situasie is, dink ek: ‘Dit is die einde.’ Maar skielik voel ek dat iemand vir my sorg. En ek weet dat op daardie oomblik, bid iemand vir my.” – Azamat, Ondergrondse Kerkleier in Oesbekistan



“Beste broers en susters wat regoor die wêreld vir ons bid... Dankie vir jul opoffering om vir ons te bid, dat julle ons las opgeneem het... dat julle so sensitief is vir ons pyn en lyding! ... Julle houding, liefde en gebede het my hart verander en het h groot voorbeeld geword van hoe om bewus te wees van ander se lyding, hoe om Christus te volg en na te boots!” – Nurbek, Kirgistan



“Een ding wat ek van Geopende Deure waarheen ek is, is dat hierdie organisasie daarvan hou om te bid. Hulle het oor alles gebid en ek weet God antwoord al hul gebede. ... Mag God Geopende Deure seën en aanhou ophef, ook die personeel en almal wat onvermoeid werk om die vervolgte Liggaam van Christus te ondersteun.” – Naomi, Nigerië*



“Ek het geen idee gehad dat soveel mense vir ons bid nie. Daardie gebede is regtig belangrik. Dit sal meer mense na Jesus Christus lei in Noord-Korea.” – Eun Hye, Christen wat uit Noord-Korea ontsnap het

*Naam verander vir sekuriteitsredes.



KREATIEWE MANIERE HOE JY KAN BID!

Hier is 'n paar idees om jou te inspireer om vir jou broers en susters in Christus te bid, op jou eie of saam met ander:

Reël 'n gebedsbyeenkoms

Organiseer 'n spesiale geleentheid en nooi jou familie, vriende en kerkgemeenskap om te bid vir ons vervolgte familie.

Gebruik tydskrifte en koerante

Knip stories uit van lande waar Christene in die spervuur is vir hul geloof. Bid vir die situasie in die land, die leiers en Christene – dat in daardie lande “elkeen... die knie sou buig, en elke tong sou erken ‘Jesus Christus is Here!’” (Filippense 2:10-11).

Steek 'n kers aan

Terwyl jy kerse aansteek en bid vir diegene op die frontlinies van die geloof, bid dat die lig van Christus in hul lewens en lande sal skyn, en dat die duisternis dit nie sal kan oorweldig nie. (Joh. 1:15)

Rig 'n gebedsmuur op

Vra God om jou te wys hoe jy vir jou beleërde broers en susters kan bid. Skryf daardie gebede neer. Rig 'n gebedsmuur op in jou huis of kerk om jou te herinner om te bid. Voeg nuwe gebede by soos God jou lei.

Onderneem 'n gebedswandel

Neem 'n wandel deur 'n tuin, in die bos, of op die strand, en bid vir die baie vervolgte Christene wat gevange is en wegkruip oor hul geloof. Bid dat hulle eendag vry sal wees om dapper en sonder vrees in hul geloof te wandel.

Jou gebede is kragtig!

Jou gebede het die krag om die wêreld te verander, nie oor die woorde wat jy sê nie, maar oor die een aan wie jy dit sê – 'n magtige en genadige God.

Broer Andrew het eenkeer gesê:

“As ons die potensiële krag van ons gebede verstaan het, sou ons 'n honderd maal per dag op ons knieë gewees het om Hom te vra vir dinge wat die wêreld onderstebo sal keer.”

Wanneer jy dus namens jou vervolgte broers en susters bid, versterk jy hulle meer as wat jy ooit sal weet. Dankie dat jy bid!

VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgte Kerk,

Tyd in gesprek met God is noodsaaklik vir ons geestelike welstand.

Wanneer ons bid ontmoet ons God en leer ons Hom beter ken. Maar dit is ook 'n geleentheid vir ons om in die bres te tree vir ander, en God te vra om vir hulle te onderneem in ons verlore wêreld.

Toe ek 'n vervolgte broer in Afrika gevra het wat ons vir hom kan doen, terwyl hy in die puin van sy afgebrande kerk gestaan het, het ek verwag dat hy ons sal vra om sy kerk te help herbou. Maar dit was alles behalwe sy antwoord. Hy het geantwoord: *"Bid asseblief vir ons, en bid asseblief vir diegene wat dit gedoen het."*

Elke beleërde Christen wat ek ontmoet, versoek dieselfde: *"Bid asseblief vir ons."* Hulle vra vir gebed, want hulle weet watter krag dit besit. Hulle het dit in hul lewens gevoel en ervaar.

Toe Helen Berhane, 'n gospelsanger wat vir meer as twee jaar in Eritrea in 'n metaal-skeepvaarthouster toegesluit was, vrygelaat is, het sy vertel:

"Ek het die krag gevoel, 'n krag wat ons begrip te bowe gegaan het... op 'n manier

het ek net geweet dat iemand besig was om te bid..."

Jy kan verseker wees dat jou gebede vir ons vervolgte familie gevoel word en kragtig werk in hul lewens. Dankie dat jy 'n vennoot is in gebed vir diegene wat Jesus volg waar geloof die meeste kos!

In sy boek, *Gebed: Die Werklike Stryd*, vra Broer Andrew, *"Is jy bereid om deel te word van die antwoord op jou gebed?"*

Vandag kan jy 'n antwoord wees op jou eie gebede deur hoop te gee aan 'n vervolgte Christen deur jou nuwe Geskenk van Hoop-katalogus. Ek hoop dat jy jou kopie ontvang het! Vra asseblief die Here watter geskenk jy kan kies om 'n kragtige verskil te maak in jou broers en susters se lewens.

Dankie vir jou gebede, liefde en ruimhartigheid vir jou familie in die spervuur op die frontlinies!

Saam in Sy diens,



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za



Open Doors South Africa

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org

REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho